
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**SIVIELE TEGNOLOGIE: HOUTBEWERKING**

**MEI/JUNIE 2025**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 9 antwoordblaaie.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BENODIGDHEDE:**

1. Tekeninstrumente
2. 'n Nieprogrammeerbare sakrekenaar
3. ANTWOORDEBOEK

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees AL die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord elke vraag as 'n geheel. MOENIE onderafdelings van vrae skei NIE.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Jy mag sketse gebruik om jou antwoorde te illustreer.
9. Skryf ALLE berekeninge en antwoorde in die ANTWOORDEBOEK of op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE.
10. Gebruik die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.
11. Maak tekeninge en sketse met potlood, volledig gemaatskryf en netjies met beskrywende opskrifte en aantekeninge afgerond, in ooreenstemming met die *SANS/SABS se Gebruikskode vir Boutekenepraktyk.*
12. Vir die doel van hierdie vraestel moet die grootte van 'n steen as 220 mm x 110 mm x 75 mm geneem word.
13. Gebruik jou eie oordeel waar afmetings en/of inligting ontbreek.
14. Beantwoord VRAAG 2, 3.1.3, 3.2, 3.4, 4.5.4, 4.6, 5.2, 5.3 en 5.4 op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE en gebruik tekeninstrumente, waar nodig.
15. Skryf jou SENTRUMNOMMER en EKSAMENNOMMER op elke ANTWOORDBLAD en lewer dit saam met jou ANTWOORDEBOEK in, al het jy dit nie gebruik nie.
16. Tekeninge in die vraestel is NIE volgens skaal NIE as gevolg van elektroniese kopiëring.
17. Google Images is as die bron van alle foto's en prentjies gebruik.
18. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 1: WBGV, MATERIALE, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN HEGTING (GENERIES)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

1.1 Kies die korrekte antwoord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 Hout.

1.1.1 Materiale word gepreserveer deur (finering/nabehandeling/poeier-bedekking) om hulle volhoubaar te maak. (1)

1.1.2 Hierdie preserveringsmetode, (elektroplatering/uitgloeiing/verf), sal nie metaal teen roes beskerm nie. (1)

1.1.3 (Elektrolise/Galvanisering/Verf) is beskikbaar in 'n olie- of waterbasis. (1)

1.1.4 Steierraamwerke moet onder normale omstandighede (weekliks/elke tweede week/daagliks) geïnspekteer word. (1)

1.1.5 Wanneer daar op steierwerk gewerk word, (mag skerp hoeke oop gelos word/moenie van een vlak na 'n volgende vlak op die steier spring nie/gooi materiale van die steier af). (1)

1.1.6 'n Werkgewer moet verseker dat die kraanbalke/rame van hangsteiers van (staal/koper/lood) gebou word. (1)

1.1.7 Boksteiers mag nie uit meer as (2/3/4) lae bestaan nie. (1)

1.1.8 Elke werkgewer wat enige gevaarlike chemiese stowwe by die werk gebruik, moet 'n (mediese fonds/materiaalveiligheids-datablad/goedkeuringsbrief) besit. (1)

1.1.9 'n Leer moet nooit meer as (een kwart/twee derdes/een derde) van die verlengingslengte verleng word nie. (1)

1.1.10 Die hoogte wat vir die hekke van die bouerhysers aanbeveel word, is ten minste (1 980 mm/1 250 mm/1 550 mm). (1)

1.2 Die moere hieronder word gebruik om boute vas te draai.

1.2.1 Watter boaansig verteenwoordig 'n moer met 'n ingeboude waster?



A B C D


(1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2.2 Wat is die doel van die vierkantige deel van die hegstuk wat deur **A** aangedui word?




(1)

1.2.3 Herrangskik die prente hieronder in die korrekte volgorde:




(1)

1.2.4 Die spesifikasie vir 'n Rawlbout is R-RBL-M08/25. Wat stel die getal 25 voor? (1)

1.3 Verduidelik TWEE voordele van galvanisering. (2)

1.4 Noem EEN natuurlike element waarteen 'n multidetektor beskerm moet word. (1)

1.5 Beskryf hoekom jy 'n laserwaterpas sal gebruik om 'n rak teen 'n muur te installeer. (1)

1.6 Noem TWEE toebehore wat saam met die teleskoop van die bukswaterpas gebruik moet word om 'n akkurate lesing te neem. (2)
**[20]**

## VRAAG 2: GRAFIKA AS KOMMUNIKASIEMIDDEL (GENERIES)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.


FIGUUR A en FIGUUR B op die volgende bladsy toon tekeninge wat op 'n bouplan voorkom. Analiseer die tekeninge en voltooi die tabel op ANTWOORDBLAD 2.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




**FIGUUR A**

NOTAS:
Kontrakteurs moet alle afmetings en vlakke op die terrein verifieer voordat daar met werk begin word.

Argitekte moet dadelik van enige afwykings in kennis gestel word.


Slaapkamerligte: 2 x 6 W (LED)

Omheining: Voorafvervaardigde omheining

Sypaadjie langsaan nommer 4 = 1 500 mm

Argitek se handtekening …………

Kliënt se handtekening ………….




**FIGUUR B**

| HERSIENING 1 | DATUM: 16/02/2025 | TEKEN VAN BADKAMER-TOEBEHORE |
|---|---|---|

| GEDRUK DEUR: DOCK PRINTERS | DATUM GEDRUK: 18/04/2025 |
|---|---|

TEKENINGTITEL:
TERREINPLAN EN VLOERPLAN

PROJEK:
VOORGESTELDE WOONHUIS VAN ME. TOMEY OP ERF 15, PALMSTRAAT, PHOENIX


| PROJEK NR.: GR 288-229 | TEKENING NR.: 668P8 |
|---|---|

| DATUM: 08/04/2025 | GETEKEN: P COX | NAGEGAAN: D FOX |
|---|---|---|

| TERREINPLAN | SKAAL: 1 : 500 |
|---|---|
| VLOERPLAN | SKAAL 1 : 100 |

VERWYSINGSKODE
QP 8 – 2025

VENSTERSKEDULE




**[40]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3: KASTE, SWAAIRAME, MUURPANELE EN HOEVEELHEDE (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 FIGUUR 3.1 hieronder toon 'n onvoltooide vertikale deursneeaansig deur 'n gedeelte van 'n swaairaam met 'n bolig.




**FIGUUR 3.1**

3.1.1 Identifiseer onderdeel **B**. (1)

3.1.2 Benoem dele **A** en **C**. (2)

3.1.3 Gebruik ANTWOORDBLAD 3.1.3 en voltooi die vertikale deursneeaansig van die swaairaam met die bolig deur AL die ontbrekende dele te teken. Arseer AL die relevante dele. (6)




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2 FIGUUR 3.2 hieronder toon die voor- en syaansig van 'n slaapkamerkas, sonder deure en 'n rugstuk, wat vanaf die vloer tot by die plafon ingebou is.




**FIGUUR 3.2**

Gebruik ANTWOORDBLAD 3.2 en voltooi die snylys vir die materiaal wat benodig word.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- **A** = 100 mm
- **B** = 80 mm
- 'n 16 mm-melamienbord word vir die konstruksie van die kas gebruik.
- Die binne-afmeting van die hoogte tussen al die rakke is 375 mm. (8)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (3.3.1 tot 3.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 3.3.6 deur.

| |
|---|
| voorreling; sy; laaghout; laaifront; bokant van kas; laai; deur; tussensy; ovaalhangreling; sagtebord; onderkant van kas |

3.3.1 Die deel waar jy 'n handvatsel vir die laai kan aanbring (1)

3.3.2 Die deel van die kas waaraan jy jou klere kan hang (1)

3.3.3 Die deel van die kas wat geskarnier word (1)

3.3.4 'n Ander tipe materiaal wat vir rakke in plaas van melamienbord gebruik kan word (1)

3.3.5 Aanbevole plek waar laaie in 'n kas geïnstalleer kan word (1)




SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.4 FIGUUR 3.4 hieronder toon die vooraansig van 'n ingeboude kas sonder deure.




**FIGUUR 3.4**

Teken, op ANTWOORDBLAD 3.4, in goeie verhouding, slegs die deursneeaansig op snylyn **R-R**. Arseer ALLE relevante dele en benoem die rugkant.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- 16 mm-melamienbord word vir die raamwerk gebruik.
- 3 mm-hardebord word vir die rugkant gebruik.
- Die rugkant is bo-op die raamwerk vasgesit en is gelyk met die agterreling van die basis. (8)

**[30]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: DAKKE, PLAFONNE, GEREEDSKAP, TOERUSTING EN MATERIALE (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 4.1.7 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Meganiese gradering | A hierdie gradering is uiters doeltreffend en baie akkuraat en kan verder as graad 6 gaan |
| 4.1.2 Visuele gradering | B dit moet voor aanwending verhit word om die droogtyd te verkort |
| 4.1.3 Skuurverseëlaar | C dit is teen verkleuring bestand en is in 'n glans- en matafwerking beskikbaar |
| 4.1.4 Lakvernis | D dit is in 'n deursigtige afwerking beskikbaar en is baie maklik om aan te wend |
| 4.1.5 Vernis | E dit vul die grein van die hout en verskeie verdunde lae moet aangewend word |
| 4.1.6 Lynolie | F die maksimum graad wat tans toegeken kan word, is graad 6 |
| | G dit beskerm hout teen penetrasie van water maar is geneig om wit kolle te laat as water gemors word |
| | H 'n minimum van 800 dele uit 'n versameling moet vir monsterneming getoets word |
| | I geen skuurwerk is nodig voordat hierdie preserveermiddel aangewend word nie |
| | J dit versterk swamverkleuring |

(6 x 1) (6)

4.2 Noem TWEE vloergemonteerde masjiene wat gebruik word om hout te sny. (2)


4.3 Hoekom moet die elektriese muurprop van elektriese masjiene en gereedskap uit die kontaksok verwyder word wanneer verstellings gemaak word? (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.4 FIGUUR 4.4 hieronder toon 'n houtbewerkingsmasjien.



**FIGUUR 4.4**

4.4.1 Identifiseer die masjien. (1)

4.4.2 Hoeveel skuuroppervlakke het die masjien? (1)

4.4.3 Waarvoor moet hout geïnspekteer word voordat die masjien gebruik word om skade aan die skuuroppervlakke te vermy? (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 FIGUUR 4.5 hieronder toon die boaansig van 'n valdeuropening, sonder 'n deur, soos vanaf die binnekant van die dakspasie gesien.




**FIGUUR 4.5**

| | | |
|---|---|---|
| 4.5.1 | Identifiseer **A**, **B** en **C**. | (3) |
| 4.5.2 | Noem die minimum wydte van **D**. | (1) |
| 4.5.3 | Noem TWEE tipes valdeure en dui aan watter EEN gesluit kan word. | (3) |
| 4.5.4 | Gebruik ANTWOORDBLAD 4.5.4 en teken, in goeie verhouding, 'n deursneeaansig soos gesien vanaf **E**-**E**, met die deur in posisie. ALLE onderdele is van hout gemaak. | (6) |

4.6 Gebruik ANTWOORDBLAD 4.6 en teken, volgens skaal 1 **:** 20, slegs die linkerhelfte van 'n SA(Howe)-dakkap.

Gebruik die volgende spesifikasies:

- Die totale interne span is 6 000 mm.
- Die oorhang is 300 mm.
- Die helling van die dak is 30°.
- Die dakkap is van 114 x 38 mm hout vervaardig.

**WENK:** Gebruik die breeklyn as verwysing. (15)
**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: FORMELE, BEKISTING, SKORING EN GRAFIKA AS 'N KOMMUNIKASIEMIDDEL (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

5.1 Onderskei, met behulp van TWEE lyndiagramme, tussen 'n *geraamde afdak-dakkap* en 'n *sparbintdakkap*. Teken SLEGS die dakkappe met oorhange in jou ANTWOORDEBOEK en drukskryf die titel onderaan die tekening. (10)

5.2 Gebruik ANTWOORDBLAD 5.2 en onderskei, met behulp van tweedimensionele tekeninge, tussen die plasing van die stutte in 'n formeel vir 'n *segmentboog* en 'n *halfrondeboog*.

Voltooi die gegewe tekeninge deur die onderste helftes van die stutte en die bintbalk van elke formeel te teken. (8)

5.3 ANTWOORDBLAD 5.3 toon 'n onvoltooide aansig van 'n gedeelte van 'n dubbellugskoor vir 'n meerverdiepinggebou.

Voltooi die tekening deur die ontbrekende onderdele tussen die vertikale stut en die muurplaat by te voeg.

Drukskryf enige EEN byskrif. (5)

5.4 ANTWOORDBLAD 5.4 toon die onvoltooide aansig van die bekisting vir die trappe van 'n traparm met die buitetrapboom verwyder.

Voltooi die tekening van die bekisting deur die ontbrekende onderdele tussen die draer/balk en die voetplaat/voetbalk by te voeg. (7)

**[30]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 6: HANGVLOERE, TRAPPE, YSTERWARE, DEURE EN VERBINDINGS (SPESIFIEK)

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

6.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 6.1.6 D.

6.1.1 Die konstruksie van geldlaaislotte is soortgelyk aan dié van …-slotte.

A insteek
B ingelate kas
C oplê
D oplêkas (1)

6.1.2 Die ... van die nagslot verhoed dat die handvatsel gebruik word.

A sluitknoppie
B bout
C sluitraampie
D Geeneen van die bogenoemde nie (1)

6.1.3 Die laaislot word in 'n ... posisie gebruik.

A parallelle
B vertikale
C horisontale
D Al die bogenoemde (1)

6.1.4 Die sluitraampie van 'n nagslot word op die … gemonteer.

A binneoppervlakke van deure
B slotrelings van deure
C deurwang
D buite-oppervlakke van deure (1)

6.1.5 Insteekslotte word in een van die … getap.

A deurrelings
B deurkosynstyle
C deurpanele
D deurstyle (1)

6.2 Beskryf die hegtingsmetodes van die volgende komponente onder normale omstandighede:

6.2.1 Dakteëls aan daklatte (2)

6.2.2 Muurplaat aan steenwerk (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.3 Wat word gebruik om dakteëls aan daklatte te heg in die volgende spesiale omstandighede?

6.3.1 Wanneer 'n teël gebreek is (1)

6.3.2 In sterk winderige gebiede (1)

6.4 Gebruik jou ANTWOORDEBOEK en onderskei, deur middel van sketse, tussen die volgende TWEE metodes wanneer boonstevlak-houthangvloere gebou word:

- Bevestiging van 'n vloerbalk in 'n muur
- Bevestiging van 'n vloerbalk teen 'n muur (6)

6.5 Gebruik jou ANTWOORDEBOEK en teken, in goeie verhouding, 'n saamgestelde isometriese aansig van 'n versteekte borstapvoeg om 'n styl en 'n boreling te verbind.

MOET NIE verborge besonderhede toon NIE. (6)

 SA EXAM PAPERS
Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.6 FIGUUR 6.6 toon die vooraansig van 'n vierpaneeldeur met 'n slotreling, verloopstyle en kussingpanele. Snylyn **A-A** word ook op die tekening getoon.

Teken in jou ANTWOORDEBOEK, in goeie verhouding, 'n vertikale deursneeaansig soos vanaf **A-A** gesien.

Drukskryf enige EEN byskrif.




**FIGUUR 6.6**

(9)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.7 Bestudeer FIGUUR 6.7 hieronder. Pas die woord(e) in die lys hieronder by die byskrifte in FIGUUR 6.7. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die byskrif (A–H) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. J – Arsering.

| |
|---|
| loopstuk; middelste bordes; optree; horisontale handreling; baluster; buitenste traparm: traparm; boonste bordes; muur; spilpaal; muurtraparm; hellende handreling |




**FIGUUR 6.7**

(8)
**[40]**

**TOTAAL: 200**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 2**

| NR. | VRAAG | ANTWOORD | PUNTE |
|---|---|---|---|
| 1. | Wat is die afmeting van die woning wat aan Jacarandastraat front? | | 1 |
| 2. | Identifiseer nommer **1**. | | 1 |
| 3. | Identifiseer nommer **2**. | | 1 |
| 4. | Identifiseer nommer **3**. | | 1 |
| 5. | Identifiseer die nommer wat die grenslyn aandui. | | 1 |
| 6. | Noem die kleur wat gebruik moet word om die nuwe woning op die terreinplan aan te dui. | | 1 |
| 7. | Wat is by nommer **6** weggelaat as die NGV 300 mm laer as die VVV is? | | 1 |
| 8. | Watter tipe omheining word vir die grensmuur van plot nommer **15** gebruik? | | 1 |
| 9. | Noem TWEE materiale wat vir nommer **7** gebruik kan word. | | 2 |
| 10. | Wat is verkeerd met nommer **8**? | | 1 |
| 11. | Noem DRIE elektriese installasies wat in die huis weggelaat is. | | 3 |
| 12. | Watter erf is aan die oostekant van die nuwe woning? | | 1 |

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

 This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS 

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. | Identifiseer die aansig sonder vensters. | | 1 |
| 14. | Hoeveel steekoë word op die terreinplan aangedui? | | 1 |
| 15. | Hoeveel buitedeure is daar op die plan vir die huis? | | 1 |
| 16. | Watter straat is aan die westekant van die nuwe woning? | | 1 |
| 17. | Hoeveel 1 200 mm x 800 mm vensters is daar in die gebou? | | 1 |
| 18. | Op watter datum is hersiening 1 voltooi? | | 1 |
| 19. | Teken die simbool vir 'n muur-gemonteerde urinaal. | | 2 |
| 20. | Teken die simbool vir 'n dubbelpool-eenrigtingskakelaar. | | 3 |
| 21. | Teken die simbool vir 'n trap. | | 3 |
| 22. | Lei van die nota-kolom af watter tipe gloeilampe in die slaapkamer gebruik sal word. | | 1 |
| 23. | In watter dorp sal die nuwe woning opgerig word? | | 1 |

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24. | Bereken die totale lengte van die omheining wat benodig sal word om erfnommer **15** te omhein.<br>Gee jou antwoord in meter en toon ALLE berekeninge. | | 6 |
| 25. | Die interne oppervlakte van die oopplankombuis is 72,94 m². <br>Bereken die lengte van nommer **5**.<br>Gee jou antwoord in mm. | | 3 |
| | | **TOTAAL:** | **40** |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 3.1.3**



| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 2 | |
| 2 | 2 | |
| 3 | 2 | |
| **TOTAAL:** | **6** | |

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 3.2**

3.2

| DEEL | HOEVEELHEID | LENGTE | WYDTE | DIKTE | TOTALE LENGTE |
|---|---|---|---|---|---|
| Sy | ——— | 2 550 | 520 | 16 | 5 100 |
| Reling | 1 | ——— | 100 | 16 | 868 |
| Bokant van kas | 1 | 868 | ——— | 16 | 868 |
| Tussensy | 1 | ——— | 520 | 16 | 1 548 |
| Basis van kas | 1 | 868 | 520 | 16 | ——— |
| Rakke | ——— | ——— | 520 | 16 | 1 278 |
| Skopplaat/Plint | 1 | 868 | ——— | 16 | 868 |

(8)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| | |
|---|---|
| **SENTRUMNOMMER:** | |
| **EKSAMENNOMMER:** | |

**ANTWOORDBLAD 3.4**




| **ASSESSERINGSKRITERIA** | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 1 | |
| 2 | 1 | |
| 3 | 1 | |
| 4 | 1 | |
| 5 | 1 | |
| 6 | 2 | |
| 7 | 1 | |
| **TOTAAL:** | **8** | |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 4.5.4**

| **ASSESSERINGSKRITERIA** | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 1 | |
| 2 | 1 | |
| 3 | 1 | |
| 4 | 1 | |
| 5 | 1 | |
| 6 | 1 | |
| **TOTAAL:** | **6** | |

*Kopiereg voorbehou*

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

**SENTRUMNOMMER:**

**EKSAMENNOMMER:**

**ANTWOORDBLAD 4.6**




| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 2 | |
| 2 | 2 | |
| 3 | 2 | |
| 4 | 2 | |
| 5 | 2 | |
| 6 | 1 | |
| 7 | 2 | |
| 8 | 2 | |
| **TOTAAL:** | **15** | |



SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za
This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS
SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 5.2**




FORMEEL VAN SEGMENTBOOG




FORMEEL VAN HALFRONDE BOOG

| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 3 | |
| 2 | 1 | |
| **TOTAAL:** | **4** | |

| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 3 | |
| 2 | 1 | |
| **TOTAAL:** | **4** | |

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| **SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 5.3**




| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 2 | |
| 2 | 1 | |
| 3 | 1 | |
| 4 | 2 | |
| **TOTAAL:** | **6** | |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| SENTRUMNOMMER: | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**ANTWOORDBLAD 5.4**




| ASSESSERINGSKRITERIA | | |
|---|---|---|
| **NR.** | **PUNT** | **KANDIDAAT SE PUNT** |
| 1 | 1 | |
| 2 | 2 | |
| 3 | 1 | |
| 4 | 1 | |
| 5 | 2 | |
| **TOTAAL:** | **7** | |

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African